Dinner for 2

Verhoudingsverryking met ‘n verskil

Soek solank ‘n kinderoppasser en merk die volgende datums op julle kalender – 16 Februarie, 2, 16 en 30 Maart. Daar gaan elke aand geleentheid wees om met mekaar oor ‘n bepaalde tema te gesels terwyl julle aansit by ‘n kersligete vir twee. Elke tweegangmaaltyd beloof om uit die boonste rakke te wees. Die koste vir die vier geleenthede is R1700 per paartjie. Of jy oud-en-getroud, verloof of in ‘n nuwe verhouding staan - almal is welkom. Daar is slegs plek vir twintig paartjies. Bespreek jou plek by die kerkkantoor deur ‘n deposito van R850 te betaal.